education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## NOVEMBER 2008

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: HET DIE INEENSTORTING VAN DIE SOWJET-UNIE DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?

### BRON 1A

Die volgende is 'n uittreksel uit *The Dream Deferred: Thabo Mbeki* deur M Gevisser.

… Gorbachev het sy sterkste uitlating tot dusver oor die nuwe Sowjet buitelandse beleid gemaak: 'Ons is ten sterkste gekant teen enige vorm van uitvoer van rewolusie, of van teen-rewolusie.' Slegs 'n maand vantevore [Maart 1989] het die ANC die eerste tasbare gevolge van dié beleid beleef: na 'n lang beloofde opvolgvergadering op hul eerste een wat in 1986 plaasgevind het, het Gorbachev nie vir Tambo [Oliver] in Moskou ontmoet nie. Dit was 'n simptoom van die diepgaande verskuiwing van Sowjet buitelandse beleid wat in die toekoms op twee dringende sake sou konsentreer: om die Koue Oorlog te beëindig en om enige verdere bloeiing van sy hulpbronne te stuit (die dreinering van hul hulpbronne te stop) wat gebruik is vir konflikte in die buiteland wat nie hulle eie materiële belange bevoordeel het nie. Verder aangespoor deur 'n refleksreaksie teen enigiets wat met die Sowjet rewolusionêre verlede te doen het, het die Russe op feitlik ongepaste wyse die NP-regering in sy laaste jare omhels: teen 1990 het hulle feitlik heeltemal hulle rug op die ANC gekeer.

Die tasbaarste uitwerking van hierdie nuwe benadering was die ooreenkoms wat die Sowjet-Unie in laat 1988 met Suid- Afrika, die VSA, Kuba en Angola onderteken het. Dit het 'n einde aan die oorloë in Angola en Namibië gemaak en die weg vir Namibië se onafhanklikheid gebaan. Dit het ook vir alle praktiese doeleindes 'n einde aan die ANC se eie gewapende stryd gemaak: een van die voorwaardes was dat alle MK-lede Angola moes verlaat en vroeg in 1989 het Rusland duisende ANC-stryders na kampe in Uganda, 'n halwe vasteland van die gevegsfront af, aangevlieg. Dit, het die MK-leier Joe Modise my later vertel, was die oomblik waarop hy besef het dat die enigste oplossing vir Suid-Afrika die een van onderhandeling was.

Dit was die einde van die wêreld soos die ANC dit geken het. Beide die Berlynse Muur en PW Botha het tot 'n val gekom …

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel uit *Tomorrow Is Another Country* deur Allister Sparks lê klem op FW de Klerk se reaksie op Gorbachev se hervormingsmaatreëls.

… in Augustus 1989 het De Klerk die leier van die Nasionale Party geword. As leier van die party het De Klerk verskeie besoeke oorsee gebring – 'n vreemde verskynsel vir 'n regerende politikus van hierdie uitgeworpe land. Hy het Margaret Thatcher van Brittanje; Helmut Kohl van Duitsland en die leiers van Portugal, Italië, die Ivoorkus, Mosambiek, Zambië en Zaïre ontmoet. Almal het klem gelê op die noodsaaklikheid dat Suid-Afrika moes verander ...

Maar van al die internasionale invloede, was geen groter as die Gorbachev hervormings wat die kommunistiese ryk laat begin uitrafel het nie, want dit het Pretoria se fobie dat die swart stryd teen apartheid 'n sameswering vanuit Moskou was, afgeweer. Dit het dit vir De Klerk makliker gemaak en hom in staat gestel om sy hervormings aan sy mense te regverdig, wat andersins deur hulle as 'n noodlottige handelswyse gesien sou word.

Die onderhandelinge wat die weg vir die naburige Namibië se onafhanklikheid in Oktober 1989 gebaan het, het hierdie punt onderstreep. Noudat Gorbachev se Sowjet-Unie begin het om streekskonflikte te beslis en om twispunte met die Verenigde State van Amerika op te los, is daar ooreengekom dat Kubaanse troepe uit Angola moes onttrek in ruil vir Suid-Afrika se onttrekking uit Namibië. Die South West African People's Organisation, 'n kloon van die ANC, het die verkiesing in Namibië gewen en Suid-Afrika het die gebied aan 'n vyand, wat hy vir dertig jaar beveg het, gladweg en op vreedsame wyse oorhandig. 'Namibië het die Suid-Afrikaners gewys dat hierdie soort verandering nie noodwendig rampspoedige gevolge hoef te hê nie,' het sir Robin Renwick, Britse ambassadeur in Suid-Afrika op daardie stadium, gesê.

Ekonomiese sanksies en veldtogte om beleggings uit Suid-Afrika te onttrek, het beduidend verdere druk op De Klerk geplaas om op te tree. Dit, tesame met rasseonrus, het Suid-Afrika in sy diepste finansiële krisis tot dusver gedompel. Vertroue in besigheid was op 'n algehele laagtepunt en die gevoel was al hoe meer een van 'So kan ons nie aangaan nie!'

**BRON 1C**

Met die ineenstorting van die Sowjet-Unie en die behoefte aan die beëindiging van apartheid, het FW de Klerk 'n proses van verandering en hervorming begin. Een van die belangrike hervormingsmaatreëls wat De Klerk aangekondig het, was die opheffing van die verbod op die ANC en ander politieke organisasies. Van besondere belang was die vrylating van politieke gevangenes van Robbeneiland, soos op die plakkaat hieronder getoon, op 10 Oktober 1989, naamlik Walter Sisulu, Oscar Mpetha, Ahmed Kathrada, Andrew Mlangeni, Elias Motsoaledi, Wilton Mkwayi en Raymond Mhlaba.




**VRAAG 2: HOE HET DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR TOT DIE HERVOORSTELLING VAN BENIN (WES-AFRIKA) IN DIE 1990's GELEI?**

AGTERGRONDINLIGTING

Benin is 'n land in Wes-Afrika wat onder Franse koloniale beheer was. Na onafhanklikheid het dit as die Republiek van Dahomey bekend gestaan. Die land het 'n demokratiese stelsel met 'n kapitalistiese ekonomie gevolg. Daar was 'n goeie verhouding met die Weste, veral met Frankryk.

Na 'n suksesvolle magsgreep in 1972 het majoor Mathieu Kerekou homself as leier aangestel en hy het toe Westerse demokrasie en die kapitalistiese ekonomie laat vaar. Hy het 'n sosialistiese staat gevestig, gebaseer op die beginsels van Marxisme en Leninisme. Hy het alle vorme van produksie (soos grond en nywerhede) genasionaliseer. Die land se naam is verander na die People's Republic of Benin of slegs Benin, wat 'n bondgenoot van die USSR geword het. Daar is daarna as die 'Kuba van Afrika' verwys.

Die kaart van Afrika hieronder toon die posisie van Benin in Wes-Afrika.



**BRON 2A**

Hierdie uittreksel, geneem uit *Africa Since Independence* deur P Nugent, lê klem op die uitwerking wat die einde van die Koue Oorlog op Afrika-state gehad het.

Gebeure oorsee, in die Sowjet-Unie en Oos-Europa, het 'n invloed op die aandrang op verandering gehad. Vanaf die middel-1980's, as gevolg van Mikhail Gorbachev se 'nuwe idees' [Glasnost en Perestroika], het die Sowjet-Unie begin om uit Afrika te onttrek omdat die land nie meer bereid of in staat was om kliënt-lande [soos Benin] wat op Sowjet-hulp vir oorlewing gereken het, te ondersteun nie. Met die ondergang van Marxisme-Leninisme in Europa het dit ook in Afrika tot 'n val gekom.

Bowenal het die einde van die Koue Oorlog die Weste se houding teenoor Afrika verander. Westerse regerings het nie meer om strategiese redes onderdrukkende regerings ondersteun bloot omdat hulle met die Weste bevriend was nie. Saam met die Wêreldbank het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat eenpartyregerings sonder gewilde samewerking 'n ernstige struikelblok vir ekonomiese ontwikkeling was en het 'n nuwe klem op die behoefte aan demokratiese hervorming geplaas.

In Junie 1990 het Brittanje verklaar dat die verspreiding van sy ondersteuningsprogram in die toekoms lande sou begunstig wat 'neig tot pluralisme, openbare verantwoordelikheid, respek vir landswette, menseregte en markbeginsels'.

**BRON 2B**

Die volgende uittreksel verduidelik hoe Benin op die ineenstorting van die USSR reageer het. Die uittreksel kom uit *The State of Africa* deur M Meredith.

Benin, die klein staat in Wes-Afrika, was die eerste om in die skielike vlaag van protes vasgevang te word. Sy militêre leier, Mathieu Kerekou, en sy aanhangers het die staatsbank so deeglik geplunder dat daar geen geld oor was om die salarisse van onderwysers en staatsamptenare te betaal nie, van wie sommige vir twaalf maande terugwerkend betaal moes word. Drie staatsbeheerde banke het in 1988 ineengestort omdat groot ongedekte lenings, volgens die Wêreldbank tot $500 miljoen, aan lede van Kerekou se binnekring en die vals maatskappye wat hulle geskep het, toegeken is. Met die hele land se bank- en kredietstelsel gedreineer van alle likiede fondse, het normale besigheid tot stilstand gekom; maatskappye kon nie handel dryf nie; handelaars kon nie koop of verkoop nie.

In Januarie 1989 het 'n studente-opstand oor onbetaalde toelaes uitgebrei tot 'n algemene mobilisering teen Kerekou se bewind en het onderwysers, staatsamptenare, werkers en kerkgroepe ingesluit. Die weermag was ook onrustig met komplotte wat oral gedreig het; onbetaalde soldate het besendings banknote wat van oorsee gestuur is om die krisis te verlig, gekaap. Slegs Kerekou se elite Presidensiële Wag, wat uitsluitlik uit sy noordelike etniese groep bestaan het, het lojaal gebly.

Kerekou het die Weste genader om hulp sodat hy agterstallige salarisse kon betaal, maar hulle het geweier. In Desember 1989, geforseer om toegewings te maak, het hy Marxisme-Leninisme as amptelike ideologie laat vaar en konstitusionele hervorming belowe. Met die verwagting dat hy gebeure sou kon manipuleer, het hy 'n nasionale konferensie voorgestel waar besigheids-, professionele, godsdienstige, arbeids- en politieke groepe, saam met die regering, 'n geleentheid gegee sou word om 'n nuwe grondwetlike raamwerk saam te stel. In wat hy gehoop het 'n vertoon van mag sou wees, het hy tussen betogers in die middestad van Cotonou gestap, maar is uitgejou en rondgestamp. Vir die eerste keer het die staatsbeheerde televisie beeldmateriaal getoon van betogers wat antiregeringsplakkate wuif.

**BRON 2C**

Die volgende bron bevat twee perspektiewe oor die totstandkoming van demokrasie in Benin.

**<u>Perspektief 1</u>: Konsentreer op Benin se eerste demokratiese verkiesing. Aangepas uit *Africa Since Independence* deur P Nugent.**


Benin se wetgewende en presidensiële verkiesing in 1991 was die land se eerste behoorlike stryd om mag sedert onafhanklikheidswording. Internasionale waarnemers het gevoel dat die verkiesing oor die algemeen vry en regverdig was. In die presidensiële verkiesing het Nicephore Soglo (beampte van die Wêreldbank) teen Kerekou gestaan en hom oortuigend met twee teen een verslaan. Na sy nederlaag het Kerekou om verskoning gevra vir die misbruik van mag tydens sy ampstermyn, sy 'diepe, opregte en onherroeplike begeerte vir verandering' plegtig belowe en is vrygespreek van vervolging. Benin het dus die eerste land in Afrika geword waar burgerlikes die weermag omvergewerp het en die eerste land waar 'n president in die amp by die stembus verslaan is.

**<u>Perspektief 2</u>: Gewone mense het gevoel dat Benin se nuutgevonde demokrasie min verskil aan hulle lewens gemaak het. Aangepas uit <u>http://en.wikipedia.org/wiki/Politics of Benin</u>.**

… met die aanneem van 'n nuwe grondwet en die geboorte van demokrasie in 1990 was daar 'n verwagting dat Benin oopgestel sou word en dat die politieke en ekonomiese stelsels vry sou wees. Maar teen 1993 het ons, bewoners van die suide, gekla dat 'demokrasie' niks verander het nie; alhoewel die politieke lewe definitief meer oop en bloot en minder onderdrukkend was, was dieselfde elite (skurke) nog steeds aan bewind

**BRON 2D**

Hierdie spotprent (spotprenttekenaar en datum van publikasie onbekend) toon hoe die USSR sy beheer van Afrika laat gaan.



## VRAAG 3: WAS DIT DIE GROOTMOEDIGHEID VAN DE KLERK WAT DIE WEG VIR 'N DEMOKRATIESE SUID-AFRIKA GEBAAN HET?

### BRON 3A

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak wat president De Klerk tydens die opening van die parlement op 2 Februarie 1990 gemaak het.

'Die Algemene Verkiesing op 6 September 1989 het ons land onherroeplik op die pad van drastiese verandering geplaas. Onderliggend hieraan is die groeiende besef deur 'n toenemende aantal Suid-Afrikaners dat slegs 'n onderhandelde verstandhouding onder die verteenwoordigende leiers van die hele bevolking blywende vrede kan verseker ... Vandag kan ek verreikende besluite in hierdie verband aankondig ... Die volgende is die stappe waarop besluit is:

- Die verbod wat op die African National Congress, the Pan Africanist Congress, Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party en ander ondergeskikte organisasies geplaas is, word opgehef.
- Persone wat tronkstraf uitdien bloot omdat hulle lede van een van hierdie organisasies was ... sal geïdentifiseer en vrygelaat word.
- Die medianoodmaatreëls sowel as die onderwysnoodmaatreëls word geheel en al opgehef.
- Die beperkings ingevolge die noodmaatreëls op 33 organisasies word ook opgehef.
- Die tydperk van aanhouding ingevolge die sekuriteitsnoodmaatreëls sal voortaan tot ses maande beperk word.

... die Regering het 'n onwrikbare besluit geneem om mnr. Nelson Mandela onvoorwaardelik vry te laat.'

**BRON 3B**

Hierdie is 'n uittreksel uit *Long Walk to Freedom*, N Mandela, 1994.


'Ek het aan die skare gesê dat apartheid geen plek in Suid-Afrika het nie, en dat die mense nie hulle veldtog van massa-aksie moes verklein nie. "Die vooruitsig van vryheid op die horison behoort ons aan te spoor om ons pogings te verdubbel." Ek het die mense aangemoedig om terug te keer na die versperrings, om die stryd te verskerp sodat ons die laaste myl saam kan stap.

Die Eerste Nasionale Bank-stadion was so gepak dat dit gelyk het asof dit wou bars. Ek het my vreugde uitgespreek om weer terug te wees tussen hulle, maar het toe my misnoeë uitgespreek oor sommige ernstige probleme met die stadslewe. "Studente moet terugkeer skool toe. Misdaad moet onder beheer gebring word." Ek het hulle vertel dat ek gehoor het van misdadigers wat voorgee dat hulle vryheidsvegters is, wat onskuldige mense teister en voertuie aan die brand steek, hierdie skobbejakke het geen plek in die stryd nie. Vryheid sonder beskaafdheid, Vryheid sonder die vermoë om in vrede te leef, was glad nie ware vryheid nie.

Ek het afgesluit deur my arms oop te maak vir alle Suid-Afrikaners met goedhartigheid en met goeie voornemens en het gesê dat "geen man of vrou wat apartheid verwerp het, uitgesluit sal wees van ons beweging na 'n nierassige, verenigde en demokratiese Suid-Afrika, gebaseer op een-man een-stem op 'n algemene kieserslys nie".'

**BRON 3C**

Hierdie is 'n spotprent deur Bob Engelhart wat Nelson Mandela uitbeeld as 'n voël wat uit 'n kou vlieg. Dit is geneem uit *Nelson Mandela, Life in Cartoons*, 1999.



**VRAAG 4: WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL IN DIE GENESING VAN DIE WONDE VAN 'N VERDEELDE SUID-AFRIKA?**

**BRON 4A**

Die volgende is 'n uittreksel uit K Christie, *The South African Truth Commission*, 2000.

Daar is twee belangrike dinge wat uit die Suid-Afrikaanse Waarheid-en-Versoeningskommissie gekom het. Die eerste is 'n merkwaardige en verreikende openbare blootstelling van die menseregteskendings en misdade wat tydens die apartheidsregime plaasgevind het ... Dit het 'n voorheen teësinnige bevolking (alhoewel daar natuurlik steeds ontkenning op een vlak is) gedwing om te sien dat apartheid moreel onverdedigbaar is; dat dit 'n misdaad teen die mensdom is. Dit het 'n argief laat ontstaan wat mense in staat stel om hulle verlede te ondersoek en om hopelik daaruit te leer.

Tweedens het dit gewone mense die kans gegee om uitdrukking te gee aan die lyding wat hulle onder die regime moes verduur. Vir baie van die slagoffers het dit 'n volkome suiwerings- [terapeutiese of helende] funksie gehad ... Dit is in hierdie sin dat 'n sekere vorm van versoening alreeds plaasgevind het.

**BRON 4B**

Die bron bestaan uit drie standpunte rakende die WVK.

**<u>Standpunt 1:</u> Hierdie is 'n uittreksel uit die getuienis van mev. Msweli. Sy het in KwaZulu-Natal gewoon en was 'n ANC-ondersteuner. Onder apartheid is haar huis afgebrand, twee van haar seuns is doodgemaak en haar kleinkinders is ontvoer. Een van haar seuns is so erg geslaan dat sy hom slegs aan 'n spesifieke merk op sy duim kon uitken.**

Ek wil hê dat die mense wat my seun doodgemaak het, na vore moet kom omdat hierdie 'n tyd vir versoening is. Ek wil hulle vergewe, en ek wil hulle ook teregwys. Ek sal bly wees as hulle na vore kan kom omdat ek nie meer vandag my seuns by my het nie … Ek wil met hulle praat voordat ek hulle vergewe. Ek wil hê dat hulle my moet vertel wie hulle gestuur het om my seuns dood te maak. Miskien is hulle my vyande, miskien is hulle nie. Ek wil dus vasstel wie hulle is en waarom hulle gedoen het wat hulle gedoen het.

(**Standpunt 2 op die volgende bladsy)**

**<u>Standpunt 2</u>: Dirk Coetzee was 'n sluipmoordenaar in diens van die staat. Alhoewel hy verhoor en skuldig bevind is vir sy rol in die moord op Griffiths Mxenge, het hy aansoek gedoen om amnestie en die versoek is goedgekeur. Toe hy gevra is hoe hy voel oor wat hy aan die Mxenge-familie gedoen het, het hy die volgende gesê:**

Ek voel verneder en verleë en die hopeloosheid van 'n patetiese wese, 'Ek is jammer vir wat ek gedoen het.' … Wat anders kan ek hulle bied? 'n Patetiese niks. So, in alle eerlikheid, ek verwag nie dat die Mxenge-familie my sal vergewe nie, want ek weet nie hoe ek ooit in my lewe 'n man soos Dirk Coetzee sal kan vergewe nie, as hy aan my gedoen het wat ek aan hulle gedoen het.

**<u>Standpunt 3</u>: Mathatha Tsedu wat vir die *Sowetan*, 1998, geskryf het.**

Ons is geroer deur die getuienisse; die vrese, die gesnik en die geween van oorlewendes en familie vir wie die herinneringe en onthullings net te veel was.

Ons het ook 'n bietjie in ons huise gehuil.

Ons het ook voor die radio en televisieskerm vasgenael gesit en geluister hoe die moordenaars van ons patriotte vertel het hoe hulle gemoor het om blanke heerskappy te verdedig.

Ons het hulle uitgejou soos wat die mans, met geen sigbare berou nie, gepraat het van die brandstapels en die verbranding van menseliggame langs die lamtjops- en biefstukbraaivleise op die walle van die onderskeie riviere van ons land.

Ons het selfs woedender geword soos wat die mans skotvry weggekom het na sulke getuienis.

**BRON 4C**

Die volgende is 'n evaluering van die werksaamhede van die WVK. Dit kom uit *The Truth and Reconciliation Commission as a Model of Restorative Justice*, Traggy Maepa.

Een van die grootste beperkinge om slagoffers se menswaardigheid te herstel – wat grootliks buite die beheer van die Kommissie was – was die politieke spanning wat tydens die kommissie se werksaamhede geheers het. Dit het gespruit uit die teësinnigheid van die Nasionale Party en sommige ekstreme regsgesinde groepe dat die WVK aspekte van die verlede ondersoek wat hulle politieke geloofwaardigheid skade kon berokken. Hierdie partye het die WVK daarvan beskuldig dat dit 'n 'heksejag' was eerder as 'n opregte poging tot nasionale versoening, en het die Kommissie se werk gefrustreer deur dikwels regsaksies teen die WVK in te stel. Die Kommissie se grootste politieke fout was die neiging om vir hierdie politieke groepe in te gee in 'n poging om te verseker dat hulle by die proses betrokke bly. ... die polities delikate taak van die WVK het sy verhouding met slagoffers geskend omdat hulle tereg gefrusteerd was deur die tekort aan behoorlike geregtigheid wat hierdie posisie geïmpliseer het. Vir genesende geregtigheid om te slaag, moet slagoffers sien dat oortreders berou toon. Die feit dat dit nie teenwoordig was by die politieke party wat die land tydens apartheid regeer het, was 'n ernstige terugslag vir die proses.

**BRON 4D**

Hierdie is 'n spotprent deur Zapiro wat in die koerant, *Sowetan*, 29 Oktober 1998, gepubliseer is.



## ERKENNINGS

Visuele bronmateriaal en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bradley, C. 1996. *Causes and Consequences of the End of Apartheid* (Raintree Steck – Vaughn)
Bottaro, J et al. 2007. *In Search of History – Grade 12* (Oxford University Press)
Clark, JF. 2002. *The African States of the Congo War* (Palgrave)
Christie, K. 2000. *The South African Truth Commission* (Palgrave Publishers)
Culpin, C. 2000. *South Africa Since 1948* (John Murray Publishers)
Dlamini, N et al. 2007. *Shuters History Grade 12* (Shuter & Shooters Publishers)
Dugmore, C et al. 2007. *Viva History – Grade 12* (Vivlia Publishers & Booksellers)
Friedman, M et al. 2007. *Focus on History Looking Into Past Grade 12* (Maskew Miller Longman)
Gevisser, M. 2007. *The Dream Deferred: Thabo Mbeki* (Johnathan Ball Publishers)
Govender, SP et al. 2007. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2007. *Moments in History* (Juta Gariep)
Mandela, N. 1994. *Long Walk to Freedom*, Abacus
Meiring, P. 1999. *Chronicle of the Truth Commission: A Journey through the Past and Present – into the Future of South Africa* (Carpe Diem Books)
Meredith, M 2005. *The State of Africa. A History of Fifty Years of Independence.*
Mkondo R. 1993. *Reporting South Africa* (Heinemann Publishers)
Mohamed, S et al 2004. *Capital Flight from South Africa 1980 – 2000*
http://www.tips.org.za/events/forum2004/Papers
Morris, M 2004. *Every Step of the Way*: *The Journey to Freedom in South Africa* (Cambridge University Press)
Nugent, P 2004. *Africa Since Independence: A Comparative History* (Palgrave Macmillan, Basingstoke)
Roberts, M. 2001. *South Africa 1948 – 1994* (Longman)
Saul, S. 1986. *South Africa – The Crisis Deepens* (Juta)
Sparks, A 1994. *Tomorrow is Another Country* (Struik Publishers)
*Sowetan* (1 December 1998) *Sunday Times: How Hani Died (*11 April 1993 edition*)*
Woods, D. 2001. *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)

Kopiereg voorbehou